Huldeblyk: Prof Dawid Jordaan 15 Junie 1954 – 11 Mei 2020

Dawid Jordaan behaal die graad, BSc Rekenaarwetenskap, in 1979 aan die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys [CV]

Prof Dawid Jordaan het 'n groot aandeel in die ontwikkeling van Rekenaarwetenskap by die Vanderbijlparkkampus gehad. Hy het talle personeel in nagraadse kwalifikasies begelei en was vir almal 'n mentor en steunpilaar.

Prof Herman van der Merwe, dekaan van die destydse Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe en IT, onthou hom soos volg:

As ek dink aan Dawid, dink ek aan iemand met 'n lang asem wat dit so vreeslk geniet het om te hardloop en die wind deur sy hare te voel. Dit was daar waar hy vry kon wees, sy gedagtes vrye teuls kon gee en met nuwe inspirasie teruggekom het na só 'n hardloop-sessie.

Die afgelope 10 jaar het ek die voorreg gehad om Professor Dawid Jordaan te leer ken as 'n toegewyde, lojale kollega maar ek dink meer aan aan hom as 'n geliefde en gewaardeerde vriend, kollega en akademikus wat in sy tyd diep spore getrap het in my hart, die Fakulteit en Universiteit.

Sy kalm en hoflike hantering van sy kollegas en hoe hy as mentor opgetree het vir sy junior kollegas, sal my altyd bybly.

Sy geloof, volharding en deurgaans positiewe gesindheid onder die moeilike omstandighede van sy langdurige siekte was vir almal wat hom geken het 'n voorbeeld en inspirasie. Ons diepe meegevoel, gebede en rykste seënwense vergesel Sonja en almal vir hy lief was.

Sy lag word reeds deur ons almal gemis. Bo-en-behalwe vir sy liefde vir hardloop, sal ek hom ook altyd onthou as 'n persoon wat trots was op sy werk, natuurlik stokperdjie en baie trots was op sy familie.